

‘n Psigo-historiese retropeksie: Boere-ervaring van die guerrillafase van die Anglo-Boereoorlog.

Die leemte

Die Nederlandse kultuurhistorikus, Hans Binneveld, skryf in sy werk *From shellshock to combat stress*: “Wherever fighting occurs, there are casualties: dead, wounded and the psychologically wounded.” Hy noem die soldaat wat binne hierdie laasgenoemde kategorie val: “An actor without a speaking part in the theatre of war”.¹ Hy wys voorts op die beginsel dat enige ongeval, van watter aard of tipe ookal, tot ‘n verlies in die vegvermoëns van ‘n leër lei. Nogtans is eers in die twintigste eeu as ‘n wapen erken en gebruik — alhoewel vorms van sielkundige-oorlogvoering vroeër wel lukraak aangewend is.

Die historiografie wat op die Anglo-Boere Oorlog betrekking het, is geweldig uitgebreid en beslaan werke soos Arthur Conan Doyle se *The great Boer War* wat reeds so vroeg as 1900 gepubliseer² is tot werke wat pas om die boekhandelaars se rakke verskyn het soos Denis Judd en Kieth Surridge se *The Boer War*. Dit omvat so ‘n wye reeks van onderwerpe of temas dat dit onmoontlik is om alles hier te vermeld. ‘n Paar temas verdien dalk tog vermelding om die leemte van “psychological wounded” te beklemtoon. Daar is die werke wat klem lê op die “geskiedenis” van die oorlog d.w.s. werke waarin die gebeure — veral die groter veldslae — in fyn besonderhede bespreek word. Talle sulke werke en reekse wat die oorlog óf uit ‘n Britse óf uit ‘n Boere perspektief benader, is geskryf. Daar bestaan ook ‘n groot aantal biografieë waarin die lewens van veral hooffigure beskryf en ontleed word. Menige persone wat deel gehad het aan die oorlog het persoonlike herinnerings nagelaat, sommige daarvan is direk na die oorlog geskryf en ander weer heelwat later. Voorts is daar dagboeke en egodokumente, waarvan talle deur historici geannoteer is. ‘n Mens kan, na die onlangse eeufees-herdenking van die ABO, nie nalaat om die verskeie gedenkalbums wat oor die jare verskyn het te noem nie. ‘n Rekenaar peiling van boeke met die klassifikasie kode (call number) 968.048 by die biblioteek van UP dui dat daar 441 boeke in hierdie groep val. Maar die werklike getal is veel hoër omdat daar dikwels verskil;lende

¹ H. Binneveld, *From shellshock to combat stress*, (Amsterdam), 1997, p. 9.

² A.C. Doyle, *The great Boer War*, (London), 1900.

boeke met dieselfde kode verskyn. So byvoorbeeld is daar vier verskillende werke mer die kode 968,046 ANGLO-BOER. Dit gee dus maar net ‘n idee van die omvang van die historiografie oor die ABO.

Hoewel daar veral onder die menigte biografieë, maar ook onder ander kategorieë, boeke is wat meer na die Annale-skool neig — byvoorbeeld F. Pretorius se pionierswerk *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, is die meerderheid van die werke gebaseer op statistieke, datums, handelings van leiersfigure en ander kwantitatiewe en bewysbare inligting. Daar is veral gekonsentreer op die getalle van soldate (burgers) wat tydens ‘n veldslag gedood of gewond is of hoeveel kinders in ‘n konsentrasiekamp aan masels en hoeveel aan longontsteking gesterf het. Daar is fyn nagevors hoeveel perde deur die Britsemagte opgebruik is of hoeveel blokhuisse byvoorbeeld in Oktober 1901 opgerig is of hoeveel Boere net voor die winter van 1901 die wapen neergelê het. Hierdie soort statistiek is nie onbelangrik nie omdat dit wel nodig is om verder op te bou. Die vraag waarmee ek worstel en wat ek op ‘n manier probeer beantwoord is: Wat weet ons van die “psychological wounded” wat die ongeveer twintig maande van guerrilla oorlog aan die kant van die Boere opgelewer? Die uitwerking wat dit op die uiteindelike uitslag van die oorlog gehad het kan sekerlik nie bepaal word nie, maar dit kan wel help om nuwe insigte te skep en dat nuwe begrip vir die verloop van sake ontwikkel. Kennis van die statistieke is dus belangrik, omdat juis daaruit die psigologiese druk op die Boerevegters gevloeи het.

Oorsaak van die leemte

Indien daar met enige mate van sukses — of tenminste betekenisvol — na die kwessie van die “psychologically wounded” gekyk word, moet ‘n multi-dissiplinêre koers noodwendig ingeslaan word. Daar moet allereers van sekere basiese sielkundige beginsels kennis geneem word en dan moet hierdie beginsels deurgevolg word na die moderne begrippe en teorieë van hierdie vakgebied..

In die aanloop na sy werk wys Binneveld daarop dat probleme met soldate wat nie fisies verword is nie, maar nogtans nie met die stryd kan voortgaan nie, reeds in die Dertigjaarroorlog (1618–1648) ondervind is. Dit het toe die Duitse etiket van *Heimwee* (of Nostalgia in Engels) gekry.³ Hierdie benaming was nog in gebruik tydens die Amerikaanse Burgeroorlog (1861–1865). Soortgelyk meld Thomas Pakenham dat tydens die ABO die versugting *Huis-toe* gereeld onder die Boere gehoor is, veral na die eerste Britse welslæe en die inname van Bloemfontein in

³ H. Binneveld, *From shellshock to combat stress*, p. 3; G. Nattrass en S.B. Spies (reds.), *Jan Smuts Memoirs of the Boer War*, p. 35.

Maart 1900 en weer tydens die debakel by die Brandwaterkom in Julie 1900 onder Boere gehoor is.⁴


‘n Mens moet egter eers ‘n psigologiese perspektief kry, om te verstaan wat gebeur met ‘n individu wanneer veranderde omstandighede sy voortbestaan onder druk plaas. In 1914 het ‘n Amerikaanse psigoloog, W.B. Cannon, vir die eerste keer die term *stres* gebruik, en hy het toe al beweer dat die toestand ‘n moontlike oorsaak van siektes kan wees en dat dit aanleidend is tot die bekende “veg of vlug” reaksie. Stres, wat vandag algemeen in psigologie erken word as die onderliggende basis van talle abnormale lewenspatrone, is egter eers in die vyftigerjare van die twintigste eeu deur Dr. Hans Selye in fyner besonderhede uitgestippel.

⁴ T. Pakenham, *The Boer War*, (London), 1997, p. 443.

Selye was gedurende die 1950's 'n navorser in endokrinologie in Montreal. Hy het tot die gevolg trekking gekom dat wanneer 'n biologiese eenheid bedreig of uitgedaag word, die liggaam fisiologies reageer en sekere kontramaatreëls te tref. Hierdie maatreëls het met die verhoogde afskeiding van hormone in die adrenaline- en kortisone-groep te make. Die liggaam word sodoende op 'n gereedheids-grondslag geplaas om die bedreiging te oorleef of te verwerk. Stres ontstaan dus wanneer sekere geïnduseerde *veranderings* — bedreigings, gevare of uitdagings — in 'n individu se bestaan intree. Hierdie veranderings is die faktore wat stres kan veroorsaak, en is deur Selye *stressors* genoem.⁵

Uit die begrip stres, vloei vervolgens Selye se "General Adoption Syndrome Theory" of GAS-teorie, wat die invloed van stres oor 'n bepaalde periode in ag neem. Die teorie kom daarop

neer dat die individu wat onder stres verkeer deur drie stadiumse beweeg, nl.:



1. Die alarm reaksie fase (Eng. = alarm reaction stage; AR): Aanvanklik sal die bedreigde individu se weerstand tot onder die normale vlak daal (sien Fig 1, AR). Dan volg daar gewoonlik 'n vinnige herstel namate die betrokke hormone wat deur die adrenale-medula afgeskei word, begin funksioneer. Die individu betree 'n fase waar hy gereed vir aksie is, die sg. "veg of vlug" fase. In hierdie tyd word spesifieke liggaamsfunksies soos die hartklop, bloeddruk, asemhaling en spiertensie deur die simpatiese werking van die brein verhoog, ter voorbereiding van enige aksie wat nodig sou word. Hierdie eerste fase is gewoonlik van korte duur. Indien aksie nodig is, is die liggaam voorbereid. As die bedreiging egter verdwyn en aksie nie nodig is nie, neem dit die liggaam 'n tydjie om weer tot normaal terug te keer. Die situasie van bedreiging

⁵ H. Selye, *The stress of life* (New York, 1956), pp. 53-55.

is verby.

2. Die weerstand- of aanpassingsfase (Eng. = stage of resistance; SR): Indien die bedreiging egter voortduur sónder dat aksie daarteen geneem word, sal die individu steeds in die toestand van gereedheid bly. ‘n Tydperk waar die liggaam aangepas raak en weerstand teen die bedreiging ontwikkel, volg dan. Dit word die SR genoem. Die weerstandsvlak bly nou deurgaans bo die normaallyn (sien fig 1, SR) omdat die medula voortgaan om verhoogde vlakke van hormone te produseer. Die ligaam sal gereed wees om aksie te neem indien die bedreiging die vlak waar dit nodig word. Die “veg of vlug” reaksie tree dan in werking. Indien die bedreiging verdwyn sal die hormoonproduksie na normaal terugkeer en die lewe gewoon voortgaan. Derdens kan die bedreiging vir ‘n onbepaalde tyd voortduur en verhoogde adrenalien en kortisoon produksie aanhou. Omstandighede sal bepaal hoe lank uitgerek hierdie fase kan wees voordat ‘n volgende fase intree.

3. Die fase van ineenstorting (Eng. = stage of exhaustion; SE): Hoewel die weerstandfase of SR oor tyd uitgerek kan word, kan dit nogtans nie onbeperk voortduur nie. Die deurlopende hoër vlak van hormoonproduksie stel addisionele eise aan die fisiese liggaam en die interne bronse sal uiteindelik uitgeput raak. Op ‘n bepaalde punt, wanneer die toevoer van hormone tot ‘n end kom, sal die SR ineenstort en die derde fase naamlik dié van uitputting (SE) of ineenstorting tree in (sien fig 1, SE). Selye het hierdie fase beskryf as ‘n fase waar die liggaam meer vatbaar vir siektes sal wees en bygevoeg dat die dood selfs kan volg.⁶

Veertig jaar se navorsing ná Selye se aanvanklike bevindings, het daartoe gelei dat daar tans algemeen aanvaar word dat die menslike liggaam, na ‘n uitgerekte SR, in ‘n fisiese siektetoestand kan verval, algemeen psigo-fisiologiese siektes (voorheen psigosomatische siektes) genoem.⁷ Baum *et al.* noem as voorbeeld nier-verwante siektes, arterritis en kardiovaskulêre kwale.⁸ Die uitgerektheid en die intensiteit van SR sal bepaal tot watter mate die liggaam verswak is, en hoe vatbaar dit vir siekte is. Die siektetoestand sal bes moontlik by ‘n bestaande swak skakel in die individu se mondering te voorskyn kom.

⁶ R. Burns, *Coping with stress* (Cape Town, 1988), p.3.

⁷ C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology -- challenging the biomedical model* (John Wiley & Sons, New York, 1992), p. 148.

⁸ A. Baum, R.J. Gatchel en D.S. Krantz, *An introduction to health psychology*, (New York, 1997), p. 68.

Moderne sielkundiges het die konsep van stres verfyn en dit word tans met meer begrip, oor 'n wyer gebied, ondersoek. Antwoorde word vir probleme wat die moderne lewe bied gesoek en ook gevind. Binneveld beweer dat militêre-opleiding huis met stres gepaaed gaan om soldate daardeur te kondisioneer om stres te bemeester en die SR gevvolglik verleng kan word.⁹

⁹

H. Binneveld, *From shellshock to combat stress*, p. 99-100.

Daar is eenstemmigheid dat daar tussen verskillende tipes stressors onderskei moet word, omdat die stres wat daaruit voortspruit en die gevolglike bemeestering (Eng. = coping) daarvan, dikwels met die tipe stressor verband hou.¹⁰

1. Kataklismiese stressors: Dit is stressors gekoppel aan gevaarvolle voorvalle wanneer groot getalle mense gelyktydig raak word, voorvalle wat kataklismies (plotselinge, woeste veranderings) en traumatis is en waarop die enkeling nie veel invloed kan uitoefen nie. Hieronder sou natuurrampe soos aardbewings of tifone klassifiseer asook mensgeskepte situasies soos oorloë, kernongelukke of natuurlik die 11 September 2002 gebeure in die V.S.A. Die stres wat as gevolg van ‘n katalismiese stressor ontstaan is nie privaat van aard is nie, dit word met baie ander mense gedeel en onderlinge onderskraging (Eng. = group support) kom algemeen voor. Gevolglik word “coping” vir die individu makliker. Uit die kataklismiese stressors kan wel ook stressors van ‘n persoonlike of privaat aard voortvloeи, soos uitgerekte vrees tydens ‘n oorlogssituasie.¹¹

2. Persoonlike of privaat stressors: Hierdie tipe stressor sluit gebeurtenisse, hetsy groot of klein, wat individue raak en wat meestal privaat beleef word, in. Hieronder sou die teenwoordigheid van ‘n ongeneeslike siekte of om slagoffer van ‘n onregverdige werksituasie te wees, geag word. Die individu dra die las alleen, of is hoogstens deel van ‘n klein groepie om op te leun (Eng. = support group). Die stressor kan kortstondig en traumatis wees, soos byvoorbeeld verkragting of ‘n motorkaping, of alternatiewelik kan dit van ‘n laer intensiteit wees en oor ‘n langer periode strek. As daar meer as een privaat stressor op ‘n individu ‘n invloed uitoefen en dit oor ‘n lang tydperk strek, kan verwag word dat dit kumulatief op die individu se psige sal inwerk. Dit is moeliker vir ‘n individu om te “cope” omdat daar dikwels nie groeps-ondersteuning is nie¹²

¹⁰ C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology*, pp. 149-150.

¹¹ C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology*, p. 149.

¹² C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology*, pp. 149-150.

3. Daaglikse of agtergrond stressors. (Eng. = daily hazzles): Dit is die klein, maar aanhoudende, herhalende irritasies. Dit kan wissel van ongerieflike toestande van woon- of werkplek, fisiese of geestelike frustasies behels of twyfel en kwelvrae insluit. In die moderne lewe sal die belewenis van daaglikse verkeersknope of ‘n onaangename werksplek onder hierdie groep stressors gereken word.¹³ Tydens die Anglo-Boereoorlog kon dit onder meer ‘n voortdurende nat slaapplek of luise in die klere gewees het. Hierdie “kleiner” stresfaktore, as hulle individueel beoordeel word, en net oor ‘n kort termyn strek, mag stellig as onbenullig afgemaak word. Nietemin, kan die kumulatiewe uitwerking — net soos die geval van, of tesame met privaat stressors — oor die langtermyn, ernstige afmetings aanneemen die gesondheid bedreig. Dit is gewoonlik die persoonlike stressors en die daaglikse irritasies wat langdurig van aard kan wees. Die individu se vermoë om aanhoudend weerstand teen stres te bied (SR) sal uiteindelik knak (SE), met ‘n gevolglike geweldadige uitbarsting of ‘n moontlike totale ineenstorting.

Die wyse waarop ‘n betrokke stressor ‘n individu raak, word grootliks bepaal deur die wyse waarop daardie individu daardie stressor takseer (Eng. = appraise). Richard Lazarus, Amerikaanse navorser en skrywer oor stres, beweer dat ‘n situasie as ‘n stressor beskou moet word wanneer die individu dit as dreigend, kwaadwillig of as uitermate veeleisend beskou.¹⁴ Enige potensiële stressor sal instinktief deur die individu as irrelevant, goedaardig of skadelik geklassifiseer word. Die begrip skadelik sluit in dat dit gevaarlik kan wees, ‘n verlies of potensiële verlies inhoud, of dat dit as ‘n dreigende gevaaar of ‘n uitdaging getakseer kan word.¹⁵

Stressor-evaluering word bemoeilik deur situasies waar die fisiologiese simptoon, wat uit langdurige stres voortvloeи, later self as ‘n stressor ervaar word.¹⁶ D.w.s. die psigo-fisiologiese simptoom, bv. toenemende blindheid, word op sy beurt as ‘n stressor ervaar omdat die normale daaglikse werksaamhede nie uitgevoer kan word nie.¹⁷

¹³ C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology*, p. 150.

¹⁴ A. Baum et al., *An introduction to health psychology* (McGraw-Hill, New York, 1997) p. 71.

¹⁵ C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology*, p. 150.

¹⁶ C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology*, p. 150.

¹⁷ C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology*, p. 150; A.J. McLeod en F. Pretorius, “M.T.Steyn se

Dit moet beklemtoon word dat daar altyd stressors in enige lewe teenwoordig sal wees. Die individu se vermoë om stres te bemeester (Eng.= to cope) word deur ‘n wye reeks faktore, genoem algemene weerstands-bronne (Eng. = general resistance resources; GRRs), beïnvloed. Hierdie “coping” moet gewoonlik in die tweede fase van die GAS, die SR, plaasvind. Hoe sterker die basis van GRRs des te beter kan die stres hanteer word en hoe langer kan die SR uitgerek word voordat die SE sal intree. D.J.W. Strümpfer, van die Departement Sielkunde, RAU, beskryf fasette soos die individu, se persoonlike gehardheid (Eng. = hardness), stamina, selfvertroue en aangeleerde kundighede as van die boustene waarop die vermoë om stres te bemeester berus.¹⁸ Hierdie eienskappe help om ‘n verwysingsraamwerk te skep en saam met ondervinding en bemeestering van die talle stressors begin daar by die individu ‘n sin van begrip (Eng. = sense of coherence; SOC) ontwikkel. ‘n Sterk SOC berus op drie pilare: verstaanbaarheid, beheerbaarheid en betekenis. Hy redeneer voorts dat ‘n individu se GRRs so ‘n wye omvang mag wees dat stres eerder daartoe mag bydra dat hy gesonder en sterker word. Strümpfer praat hier van die begrippe *salutogenese*, die oorsprong van gesondheid (Lat. = salus), en *fortigenese*, die oorsprong van sterkte (Lat. = fortis).¹⁹ Solank as wat die GRRs voldoende is om die weerstand te bewerkstellig wat in die SR nodig is, en veral as daar ‘n sterk SOC bestaan, mag die individu se gesondheid, asook die innerlike sterkte, verbeter. Sou die egter GRRs gebrekkig wees, of selfs indien die ophoping van stressors vir die individu te veel word, mag stres uiteindelik tog die oorhand kry en SE, wat die teenoorgestelde van salutogenese is, sal intree.

Psigo-fisiologiese siektes, vroeër genoem psigo-somatiese siektes, verwys na fisiese siekte simptome wat van psigologiese oorsprong is. Dit is belangrik om te begryp dat dit nie bloot siektes wat net in die individu se verbeelding bestaan nie, maar dit het te doen met werklike simptome, werklike skade aan organe en liggaamsfunksies. Dit is nie hiperkondria of aansittery nie.²⁰

Psigologiese invloede tydens die Anglo-Boereoorlog

Stressors, stres, taksering van stres, “coping” en weerstandsbronne kan onmoontlik nie deur ‘n leke-sielkundige presies geïdentifiseer word nie. So ook kan die onderskeid tussen die alarm reaksiefase (AR), die weerstandsfase (SR) en die fase van ineenstorting (SE) nie presies bepaal word nie. Dit is begrippe wat op die menslike psige van toepassing is, en hier die stelling dat beperkte kennis gevaaarlik kan wees van toepassing. Nietemin vorm hierdie beperkte kennis ‘n

¹⁸ D.J.W. Strümpfer, Salutogenesis: A new paradigm, *South African Journal for Psychology*, 1990, 20 (4)

¹⁹ D.J.W. Strümpfer, Salutogenesis: A new paradigm, *South African Journal for Psychology*, 1990, 20 (4); D.J.W. Strümpfer, The origins of health and strength: from >salutogenesis= to >fortigenesis=, *South African Journal for Psychology*, 1995, 25 (2)

²⁰ C.L. Sheridan and S.A. Radmacher, *Health psychology*, p. 155.

goeie basis om sekere gebeure en om bepaalde optrede van individue beter te verstaan.

Stressors en stres

Eerstens kan daar gekyk word na slegs ‘n paar van die stressors of faktore wat stres veroorsaak het. Eerstens kan daar na stressors van ‘n militêre-aard gekyk word:

Die *getalle oorwig* van die Britse-magte word o.a. deur L. Scholtz, J.H. Breytenbach en L.S Amery duidelik aangedui.²¹ Maar die ervaring wat die militêre oorwig op enkeling gehad het kan veral in Fritz Rothmann se dagboekinskrywings van Julie en Augustus 1901 gesien word. Op 28 Julie 1901 skryf hy o.m.: “Ons kommando’s is nie sterk genoeg om aan al die Engelse weerstand te bied nie.” Die volgende dag beskryf hy hoe die groep waaronder hy hom bevind het, hulle middagete skielik moes laat staan om betyds weg te kom “want kakie is op ons.”²² Die druk van die vyand se superieure getalle op die gemoed is duidelik in Rothmann se inskrywings te bespeur. Ook J.F. Naudé het beskryf hoe die Engelse op 29 Mei 1901 by Vlakfontein, uit alle oorde op generaal Jan Kemp se kommandos toegesak het. Omdat Kemp sy mag verdeel het kon hulle die oorwig ontsnap en Naudé was hieroor duidelik verlig. Hy het hulle ontkoming as ‘n gepaste verjaardag geskenk aan Kemp beskou.²³

Die toename indie getal *blokhuisse* wat veral in die tweede helfte van 1901 en nog vroeg in 1902 deur die Britte opgerig is, het gou geblyk om nie alleen die ontsporing van treine te beperk nie, maar ook om die beweeglikheid van die Boere — as guerrillavegters — ernstig aan bande te lê. M. Weber, ‘n Switserse vrywilliger wat onder generaal Koos de la Rey geveg het, het beskryf hoe die blokhuisse wat gedurende Augustus 1901 op die kruin van die Magaliesberg opgerig is die moed van die vlugtende Boere gebreek het. A.M. Grundlingh, wys daarop dat die blokhuis

²¹ L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het*, (Pretoria, 1999), p. 216; J.H. Breytenbach, *Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog*, IV, (Pretoria, 1983), p. 215; L.S.Amery (ed.), *The Times history of the war in South Africa*, V, (Londen, 1909), pp. 248-249, 251.

²² M.E.R. (red.), *Oorlogsdagboek van ‘n Transvaalse burger te velde*, (Kaapstad, 1976), pp. 194-204, 210-213.

²³ J.F. Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp “bôkant” De Wet*, (Amsterdam, 1903), pp. 272-273.

linies die Boere verplig het om lang oompaiae te ry ten einde Britse troepe te vermy.²⁴ Een van die vereiste vir ‘n suksesvolle guerrillastryd is landelike *ruimte*, ten einde die guerrillavegter se mobiliteit en die vyand se onvermoë om die land fisies te beset, ten volle te benut.²⁵ Die blokhuisse het die Boere toenemend van hierdie voorreg ontneem en veral die offisiere sou dit as stressors beleef het.

²⁴ M. Weber, *Eighteen months under General De la Rey*, (Pretoria, 1999), p. 90; A.M. Grundlingh, *Die “hendsoppers” en “joiners”: die rasionaliteit van verraad*, (Pretoria, 2000), p. 169.

²⁵ L. Scholtz, *Waarom die Boere die oorlog verloor het*, p. 132.

‘n Derde stressor — wat met die bogenoemde twee saamhang — was die *dryfjagte* wat die Britse-magte teen die Boere uitgevoer het. Statistieke toon miskien dat die dryfjagte aanvanklik minder suksesvol was,²⁶ maar dit het die guerrilla taktiek van verrassings aanvalle en skielik verdwyn omskep in ‘n strategie van — ook ‘n gees van — vlug. Bloot die titel van die bekende werk van J.F. Naude, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp “bôkant” De Wet*, duï op hierdie die gees van vlug. Generaal Christiaan de Wet en sy kommandos het vir meeste van die duur van die guerrillafase ‘n strategie van vlug moes volg. Aanhoudende vlug, of gereed wees om te vlug het ‘n gees van futiliteit by baie Boere gewek. R.W. Schikkerling het in sy dagboek in besonderhede beskryf hoe generaal sir Bindon Blood se dryfjag in April 1901 chaos onder nie-vegtende Boere en moedeloosheid onder die veggende burgers veroorsaak het.²⁷ De Wet self het oor die latere “new model drives” geskryf: “Ons het gezien: hulle is ‘n groot, groot klomp.” en later, na hulle noue ontkomming en die swaar verliese van die tweede “new model drive”: “Wij hadden gezondigd; maar niet, niet tegen Engeland!”²⁸ En alhoewel hierdie woorde heelwat later geskryf is, kan die moedeloosheid wat hy as primêre teiken van die dryfjagte beleef het, aangevoel word.

Vervolgens het die omgewing waar die Boere hulle guerrilla-strategie uitgevoer het het ook aanleiding gegee tot heelwat stressors. Die *weersomstandighede*, en veral die abnormale hoë *reënval* van die somers van 1900-1901 en 1901-1902 was beduidende stressors. Die probleme wat De Wet ondervind het tydens sy eerste poging om die Kaapkolonie binne te gaan is welbekend.²⁹ Die probleme tydens sy tweede poging, toe hy wel daarin geslaag het om die Oranjerivier oor te steek, was legio,³⁰ Die verligting van sy burgers toe hulle eindelik op 28 Februarie 1901 weer terug op Vrystaatse bodem gestaan het, is duidelike aanduidings van die weersomstandighede as stressor vir die guerrillavegter.³¹ Ook in die Transvaal was die ongewone reënval ‘n oorsaak van stres onder die Boere. Jan F.E. Celliers het op 17 April 1901 beskryf hoe hulle gesukkel het om ‘n wa — getrek deur 46 osse — deur modder en water te kry. Schikkerling het op 2 Maart 1901 sy lot bekla: “Rise early from my watery bed, it having rained during the night, seek my horse in the mist, and ride eighteen miles to laager. Shortly after our arrival, a terrific hailstorm breaks over us, overflowing the tiny moat around our dwelling, and flowing

²⁶ L.S. Amery (ed.), *The Times history*, V, pp. 180-181.

²⁷ R.W. Schikkerling, *Commando courageous (A Boer's diary)*, (Kaapstad, 1964), 18.4.1901, pp. 177- 182.

²⁸ C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit*, (Amsterdam, 1902), pp. 359, 362.

²⁹ C.R. de Wet, *Boer en Brit*, pp. 248-256.

³⁰ N.J. van der Merwe, *Marthinus Theunis Steyn, 'n lewensbeskrywing*, II, (Kaapstad, 1921), p. 68; C.R. de Wet, *Boer en Brit*, pp. 281-282; J.H. Coetzee, “H.S. van der Walt: Oorlogsdagboek” in *Christiaan de Wet-annale*, 8, pp. 132-134.

³¹ C.R. de Wet, *Boer en Brit*, pp. 288-290; A. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902; 'n oorsig van die militêre verloop van die stryd*, (Bloemfontein, 1991), p. 38.

beneath us drenches our bedding.”³² Nietemin wys Amery daarop dat ook die Britse-mag tydens generaal John French se dryfjag in die oostelike Transvaal erg deur die hoë reënval en vol riviere in die wiele gery is.³³

³² A.G. Oberholster (red.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers*, (Pretoria, 1978), 7.4.1901, p. 231; R.W. Schikkerling, *Commando courageous*, 2.3.1901, p. 160.

³³ L.S. Amery (red.), *The Times history*, V, p. 175.

Die Boere het ook tale daaglikse ontberings as stressors beleef. Hier moet die probleem wat hulle deurgaans met sowel *voedsel* as *klere* ondervind het, beklemtoon word. Namate die uitwerking van lord Kitchener se verskroeide aarde strategie aan die einde van 1900-1901 se somer duidelik geword het, en die volop laatsomer vrugte en groente uitgeput is, het die vooruitsig van ‘n voedselskaars winter vir menige Boer te veel geword. Dit is nie moontlik om presies te bepaal wat die invloed van die vooruitsig van voedselskaarste op die groot hoeveelheid Boere wat in die vier maande van Mei tot Augustus 1901 wapens neergelê het, was nie. Grundlingh se stelling dat 2 954 Boere gedurende hierdie tyd gekapituleer het, wat 49% van die totaal vir die tydperk Januarie 1901 tot Mei 1902 verteenwoordig, is insiggewend.³⁴ In meeste dagboeke, asook in tale herinneringskrifte, word die probleem van kos genoem. Celliers was klaarblyklik in sy skik — en verlig — dat die Britte tydens hulle verwoesting van oeste, nie besef het dat patats se kos onder die grond gedra word nie. Die groep saam met Schikkerling was reeds aan die einde van Maart 1901 so verlig om vrugte in die hande te kry, dat hulle bereid was om perkes met wurms te eet toe hulle op ‘n verlate boord afgekom het. Hy het skertsend opgemerk dat hulle immers nie vegatariërs was nie. Rothmann weer het die beskaafheid van ‘n maaltyd by ‘n tafel met wit linne en skoon servette aan te sit, waardeur.³⁵ Oral word dit duidelik dat gebrek aan kos, of bloot die vooruitsigte op ‘n gebrek, as stressor gedien het om stres by Boere te veroorsaak.

Namate die ruwe lewe in die veld sy tol geëis het, en *klere* verslete geraak het, het die probleem om ten minste welvoeglik geklee te wees herhaaldelik opgedui. Celliers het telkens verwys na sy “verplukte” broek en op 15 Julie 1901 het hy daarvan gewag gemaak dat hy nie meer in die teenwoordigheid van vroue kon verskyn nie. “Nu zie ik er wel zoo kakelbont uit als een harlekijn, maar nu waait de wind toch niet zoo overal naar binnen.”³⁶ Deneys Reitz was blykbaar gewoonlik gehawend en het selfs in sy herinneringe voorgegee dat hy daarop trots was. Toe hy, egter lord Vivian van die 17th Lancers se uniform kon buit, was hy nietemin heel in sy

³⁴ A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 170.

³⁵ R.W. Schikkerling, *Commando courageous*, 29.3.1901, p. 168; A.G. Oberholster (red.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers*, 6.9.1901, p. 285; M.E.R. (ed.), *Dagboek*, 5.2.1901, p. 134.

³⁶ A.G. Oberholster (red.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers*, 15.7.1901, p. 262.

skik met sy uniformtuniek en kentekens.³⁷ Die probleme met klere word ook deur Schikkerling, Rothmann en M.C.E. van Schoor genoem.³⁸ Laasgenoemde het aangehaal hoe klere uit ‘n kombers vir president M.T. Steyn gemaak is.

³⁷ D. Reitz, *Commando*, (London, 1968), p. 163, 209, 231.

³⁸ R.W. Shikkerling, *Commando courageous*, 9. 3. 1901, 9.7.1901, pp. 161, 250; M.E.R. (red.), *Oorlogsdagboek*, 8.9.1901, p. 218; M.C.E. van Schoor, “President M.T. Steyn: Sy rol in die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902” in *Genl. J.B.M. Hertzoggedenklesing XXVIII*, p. 11.

Die probleem wat ontstaan het as gevolg van ‘n tekort van *wapens* en veral *ammunisie*, kon nie altyd met Britse Lee Metford gewere en patronen opgelos word nie. Celliers moes van September 1900 tot na die slag van Nooitgedacht op 13 Desember 1900 wag alvorens hy ‘n behoorlike wapen kon bekom. Assistent-veldkornet Hendrik van der Walt skryf in sy dagboek dat heelwat van die burgers wat hy gewerf het om saam met De Wet die Kaapkolonie binne te val sonder geweers was. De Wet was nie hiermee geneë nie en het opdrag gegee dat hulle huistoe gestuur word, ‘n besluit waarmee Van der Walt nie beïndruk was nie. Reitz beskryf hoe hy en sy kamerade in die suidelike Vrystaat agter ‘n Britse eenheid aangetrek het om broodnodige patronen, wat hulle laat val het, op te tel.³⁹ Toe De la Rey uiteindelik op 25 Februarie 1902 ‘n half-miljoen Lee Metford patronen by Yzerspruit gebuit het, was dit reeds te laat om van enige betekenis te wees.⁴⁰

Die *angs en bekommernis* oor die lot van hulle *vroue en families* word duidelik uit die dagboek van Van der Walt waar hy by sy tuiskoms na sy terugkeer uit die Kaapkolonie geskryf het: “Aankomst bij mijne woning. O, het was een blijdschap onze dierbaren noch bij onze woningen te venden.”⁴¹ Rothmann was egter erg ontstel deur die behandeling wat vroue en kinders in die noordoostelike Transvaal moes verduur. Hy het telkens in sy dagboek sy gevoelens laat blyk, totdat hy op 28 Junie 1901 moes aanskou hoe ‘n groep vrouens, sommige met babas en sonder komberse, oor die koue hoëveld te voet weggevoer word. Dit het hom verontwaardig laat uitroep: “God slaap. Ja vas ook.”⁴² Grundlingh meld dat daar wel bewyse bestaan dat hierdie onrus sekere Boere genoeg het om hulle wapens neer te lê, net om by hulle gesinne uit te kom. Hulle kon nie toesien dat hul vrouens en kinders so swaar moes lei nie.⁴³

Persoonlike *twyfel* en *onsekerheid* was ‘n stressor vir baie Boere en het ook dikwels tot die neerlê van wapens geleid. Nie alle Boere was lojaal, dapper en bereid om met die vyand slaags te raak nie. Afgesien van die groot getalle wat om ander redes hulle wapens neergelê het, het baie Boere getwyfel oor die sin van die stryd en het hulle maklik aan die kant van die Britte geskaar. Maar om so ver te kom om werklik die wapen neer te lê het nie altyd maklik gebeur nie. P.J. du Toit het van vroeg in September 1900 tot 31 Mei 1901 gewik en geweeg om uiteindelik so ver te kom om by die Britse-mag aan te sluit. Sy dagboek, deur J.P. Brits geannoteer, toon duidelik dat, alhoewel hy nie lojaliteit teenoor die Zuid Afrikaansche Republiek gevoel het nie, was daar nietemin deurgaans twyfel en onsekerheid in sy gemoed oor sy beplande optrede. Die stres wat

³⁹ A.G. Oberholster (ed.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers*, 16.10.1900, 27.10.1900, 14.12.1900, pp. 150, 157, 180; J.H. Coetzee (ed.), “H.S. van der Walt: Oorlogsdagboek”, Dag 264, p. 132; D. Reitz, *Commando*, p. 187

⁴⁰ F. Pretorius, *Kommandolewe*, p. 37; J.F. Naudé, *Vechten en vluchten*, p. 326.

⁴¹ J.H. Coetzee (red.), “H.S. van der Walt: Oorlogsdagboek”, Dag 287, p. 135.

⁴² M.E.R. (red.), *Oorlogsdagboek*, 10.1.1901, 25.4.1901, 15-16.5.1901, 28.6.1901, pp. 123, 173, 189, 194.

⁴³ A.M. Grundlingh, *Die "hendsoppers" en "joiners"*, p. 168.

hieruit voortgevloeи het het hom dan ook dikwels fisies siek gelaat.⁴⁴

Stressors, en die gevolglike stres, was dus algemeen onder Boere tydens die guerrillafase. Hierbo is nie eens melding gemaak van ander oorsake van stres soos byvoorbeeld die verlies van hulle hoofstede en hulle voortvlugtende regerings, die twyfel wat deur die menigte Britse proklamasies gesaai was, die tevergeefse hoop op buitelandse intervensie, perdesiekte en die gebrek aan winterweiding, luise en die angs veroorsaak deur swart bendes. Daar was 'n magdom stressors wat daagliks die psiges getreiter het.

Weerstandsbronne (GRRs) en stres hantering (coping)

⁴⁴

J.P. Brits (ed.), *Diary of a National Scout P.J. du Toit 1900-1902*, 5.9.1900-31.5.1901, pp. 8-52.

Voordat die belang van weerstandsbronne bekyk word moet dit eerstens beklemtoon word dat stres altyd in enige mens se lewe teenwoordig sal wees.⁴⁵ Tweedens moet die feit dat stressors selde alleen voorkom en dat ‘n opeenhoping van probleme nie ongewoon is nie aanvaar word. Celliers het dit ondervind toe hy op 30 Januarie 1901 geskryf het: “Niets kan zoo sarren en tergen als een opeenhoping van kleine tegenspoeden ...”.⁴⁶ Maar die vermoë om daarteen weerstand te bied en die stres te hanteer (cope) verskil van die een individu na die volgende, afhangende van die aantal en tipe weerstandsbronne waарoor hy of sy beskik. Die sielkundige teksboeke klassifiseer weerstandsbronne (GRRs) in ‘n aantal kategorieë, gewoonlik as hulpbronne wat materieel van aard is, fisiese hulpbronne, intrapersoonlike hulpbronne, opvoedkundige hulpbronne en kulturele hulpbronne. Hierdie groepering kan egter nie altyd blindelings toegepas word nie, maar dit dui ten minste rigting aan.

Materiële hulpbronne sluit in die beskikbaarheid van elemente soos geld, kos, klere en behuising. Dit is logies dat tydens die guerrillafase geld ‘n minder belangrike rol sou gespeel het. Nie alleen was daar nie baie kontant geld onder burgers beskikbaar nie, maar na die Britse besetting van die stede en belangrikste dorpe, was daar min plekke waar dit gebruik kon word. Die papiergeeld wat die ZAR-regering gesirkuleer het (Blue-backs) was in elkgeval nie altyd aanvaarbaar nie. Schikkerling het verduidelik dat een van die redes hoekom hy nie die pos van veldkornet wou aanvaar nie, die ewige gesoek na kos en die betaling daarvoor met: “... worthless receipts and blind blue backs ...”.⁴⁷ Die probleme met kos en klere is reeds bespreek. Daar was min sprake van hierdie items as GRRs. Die besit van ‘n perd of twee, saal en toom, ‘n kombers, skoene en klere wat nie te gehawend was nie, was dikwels ‘n Boer se vernaamste materiële bronne tydens die oorlog. Behuising was of die oop veld of moontlik in ‘n verlate huis of skuur, dikwels afgebrand.

⁴⁵ D.J.W. Strümpfer, “Salutogenesis a new paradigm”, *S.A. Journal of Psychology* 20 (4), 1990, p. 267.

⁴⁶ A.G. Oberholster (ed.), *Oorlogsdagboek van Jan F.E. Celliers*, 30.1.1901, pp. 200-201.

⁴⁷ R.W. Schikkerling, *Commando courageous*, 17.12.1900, p. 111.

Die spreekwoordelike “‘n Boer maak ‘n plan” moes dus dikwels ingespan word om te “cope”. F. Pretorius bespreek die rol wat “laerindustrieë” t.o.v. die voorsiening van klere asook ander items soos netjiese sakmesse, pype van klip of hout gemaak, drinkbekers en kamme, gespeel het.⁴⁸ Schikkerling en Rothmann het albei hulle vermoë om ‘n plan te maak t.o.v. hulle klere getoon. Schikkerling het vir hom ‘n pak klere van militêrestyl uit seil, wat om weggoi-waterslange van ‘n myn gedraai was, gemaak. Dit was ongelukkig eers in Maart 1902, en hy moes seker teen daardie tyd redelik raadop met sy ou klere gewees het. Rothmann het vroeër vir hom ‘n hemp uit ‘n matrasoortreksel van tyk, uit ‘n hospitaal afkomstig, gemaak. Na ontsmetting met “Jeyes Fluid” was dit geskik vir gebruik en daarna was al sy kennisse op loer na matrasse.⁴⁹ Die aanvul van kleding stukke deur die bekende “uitskud” van gevange Britse soldate het, ten spyte van die gevare wat dit ingehou het en die luise wat dit saamgedra het, algemene gebruik geword.⁵⁰ Maar om te oorleef was nie maklik nie, en nie almal het die vermoë gehad om dit te verwerk en nog steeds sin te maak van sy situasie nie.

Fisiese hulpbronne sluit die positiewe fisiese eienskappe van ‘n individu in. Dit omvat sy fisiese strekte, gesondheid en voorkoms. Aan die anderkant het die *intrapersoonlike hulpbronne* meer te make met ‘n persoon se innerlike sterkte, sy selfbeeld, ego-integriteit en ego-identiteit. Dit is almal eintlik begrippe wat verwant is. Albei hierdie hulpbron-kategorieë het met die individu as persoon te make en dit is vanselfsprekend dat persone waar hierdie eienskappe sterk figureer beter toegerus sal wees om sin te maak van die omstandighede waarin hy hom bevind. Die hou verband met die begrip van ‘n “sense of coherence”, alhoewel ‘n individu SOC ontwikkel — dit is nie ‘n karaktertrek of eienskap nie. Nietemin vereis SOC dat daar sterk intrapersoonlike trekke aanwesig moet wees. Leiers is meestal goed bedeel met hierdie hulpbronne.

Opvoedkundige hulpbronne word deur Sheridan en Radmacher as waardevolle toerusting in ‘n lewe vol stres beskou, beide oor die kort- as langtermyn.⁵¹ ‘n Ontleding van die opleidingsvlak van Boeregenerals wys dat van die 41 wat in die vroeë maande van 1902 nog aktief was, slegs sewe enige tersiëre opleiding ontvang het en dat daar geen gevorderde militêreopleiding ter sprake was nie. Dit was in skrille kontras met hulle opponente.

⁴⁸ F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, (Kaapstad, 1991), pp. 91-92, 129-130.

⁴⁹ R.W. Schikkerling, *Commando courageous*, 7.3.1902, 13.3.1902, pp. 368,369; M.E.R. (red.), *Oorlogsdagboek*, 9.11.1901, p. 241.

⁵⁰ F. Pretorius, *Kommandolewe*, pp. 95-100.

⁵¹ C.L.Sheridan en S.A. Radmacher, *Health psychology*, p. 152